

Wees wie jy is



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se les:

II Petrus 1:1–15, Efésiërs 2:8, Romeine 5:3–5, Hebreërs 10:38, Romeine 6:11, I Korintiërs 15:12–57

Geheeteks:

“En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis, en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde” (*II Petrus 1:5–7*).

Een van die verbasende dinge van die Nuwe Testament is die hoeveelheid waarheid wat in ‘n baie beperkte spasie “ingeprop” is. Neem byvoorbeeld hierdie week se les wat II Petrus 1:1-14 behandel. In hierdie 14 verse leer Petrus ons oor regverdigmaking deur geloof. Hy brei dan uit oor wat God se krag kan doen in die lewens van hulle wat hulself aan Jesus oorgegee het. Hy skryf oor die wonderlike waarheid dat ons “deel kan word van die Goddelike natuur” (*II Pet. 1:4*) en dat ons vry kan wees van die verdorwenheid en begeerlikheid van die wêreld. Om die waarheid te sê, ons kry nie net ‘n lys van Christelike deugde nie, maar Petrus noem hulle in ‘n spesifieke volgorde. Die een volg op die ander, dan die volgende een wat volg op die vorige een, ens., totdat ‘n klimaks met die belangrikste een van hulle almal bereik word. Hy skryf oor die werklikheid van wat dit beteken om in Christus te wees en om “gereinig” te wees (*II Pet. 1:9*) van jou vorige sondes, en bevestig dan die sekerheid van redding, die belofte van die ewige lewe in die “ewige koninkryk” (*II Pet. 1:11*) van die Here. En laastens kry ons selfs ‘n klein bespreking van die uiters belangrike onderwerp van die toestand van die dode. Soveel waarhede wat ryk en diep is, word in net 14 verse ingesluit!

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 27 Mei.*

‘n Kosbare geloof

Lees II Peter 1:1–4. Wat sê Petrus het ons in Jesus Christus ontvang? Met ander woorde, hoe word die werklikheid van genade hier gesien?

Petrus begin hierdie brief deur te sê dat dit aan hulle wat “net so ‘n kosbare geloof as ons verkry het” (*II Pet. 1:1*) geskryf was. Die woord wat as “kosbaar” vertaal is, beteken “gelyke waarde” of “gelyke voorregte.” Hy sê dat hulle hierdie kosbare geloof “verkry” het, nie verdien het nie, maar dat hulle dit ontvang het as ‘n gawe van God. Of, soos Paulus geskrywe het: “Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God” (*Efés. 2:8*). Dit is kosbaar want “sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag” (*Heb. 11:6*). Dit is kosbaar want deur hierdie geloof kan ons baie wonderlike beloftes vir onself toe-eien. Petrus beklemtoon dat die “goddelike krag” van Jesus aan ons alles gegee het wat “tot die lewe en godsvrug dien” (*2 Pet. 1:3*). Ons huidige bestaan is alleenlik deur die krag van God, en ons kan alleenlik deur Sy krag heiligheid verkry. En hierdie goddelike krag word aan ons gegee “deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur Sy heerlikheid en deug” (*II Pet. 1:3; sien ook Johannes 17:3*).

Ons word geroep om God lief te hê, maar hoe kan ons ‘n God liefhê wat ons nie ken nie? Ons leer God ken deur Jesus, deur die geskrewe Woord, deur die geskape wêreld, en deur die ondervinding van ‘n lewe van geloof en gehoorsaamheid. Ons ken God en die bestaan van God deur te ondervind wat Hy in ons lewens doen, en dis dié kennis wat ons verander. En ons leer Hom ken deur die werklikheid van die genade wat Hy aan ons skenk. Petrus sê dan iets wat meer ongelooflik is: dat Hy ons ook “die grootste en kosbare beloftes” geskenk het, waardeur ons deelgenote van die “Goddelike natuur” kan word (*II Pet. 1:4*). Die mens was oorspronklik na die beeld van God geskep; daardie beeld is erg geskend en verlaag. Wanneer ons weer gebore word, het ons ‘n nuwe lewe in Jesus wat in ons werk om Sy Goddelike beeld in ons te herstel. Maar ons moet vlug van die wêreld se verdorwenheid en begeerlikheid as ons wil hê hierdie verandering moet in ons plaasvind.

Hoe sal jou lewe lyk sonder geloof? Hoe help hierdie antwoord ons om te verstaan hoekom die gawe van geloof inderdaad kosbaar is?

Liefde, die doel van Christelike deugsaamheid

Lees II Petrus 1:5–7; Romeine 5:3–5; Jakobus 1:3, 4; en Galásiërs 5:22, 23. Watter gelyksoortige tema verskyn in hierdie teksverse?

Dit was algemeen onder die filosowe van die antieke wêreld om lyste te maak van deugde. Sulke lyste word dikwels ‘n “katalogus van deugde” genoem, en daar is verskeie voorbeelde daarvan in die Nuwe Testament (*Rom. 5:3–5; Jak. 1:3, 4; Gal. 5:22, 23*). Dit was hoogs waarskynlik dat Petrus se lesers bekend was met sulke lyste, alhoewel daar interessante verskille tussen die lys van ‘n filosoof en Petrus se lys sou gewees het. Let op dat Petrus hierdie deugde in ‘n spesifieke volgorde rangskik sodat elke deug op die vorige een gebou word totdat dit ‘n klimaks bereik in die deug van liefde! Elke deug wat Petrus gebruik het, het ‘n belangrike betekenis:

Geloof: In hierdie konteks is geloof niks minder as ‘n saligmakende geloof in Jesus nie (*sien Gal.3:11, Heb.10:38*).

Deug: (In Grieks, *arête*) enige soort goeie kwaliteit wat selfs bekend onder heidense filosowe was. Ja, geloof is uiters belangrik, maar dit moet ‘n veranderde lewe tot gevolg hê, ‘n lewe waar deug gesien kan word.

Kennis: Petrus praat verseker nie van algemene kennis nie, maar liever van dié soort kennis wat voortspruit uit ‘n saligmakende verhouding met Jesus Christus.

Selfbeheersing: Volwasse Christene is in staat om hulle drange te beheer, veral daardie drange wat tot buitensporigheid of oordadigheid lei.

Lydsaamheid: Uithouvermoë, veral in tye van beproewing en vervolging.

Godsvrug: In die heidense wêreld beteken die woord wat hier as “godsvrug” vertaal word, etiese of sedelike optrede wat die gevolg is van ‘n geloof in ‘n god. In die Nuwe Testament het dit ook ‘n konsep van sedelike gedrag wat die gevolg is van geloof in die enigste ware God (*I Tim. 2:2*).

Broederliefde: Christene is soos ‘n gesin, en Godsvrug sal daartoe lei dat ‘n gemeenskap met vriendelikheid en welwillendheid teenoor mekaar optree.

Naasteliefde: Petrus eindig die lys met ‘n klimaks, naamlik naasteliefde. Sommige Engelse Bybelse vertalings gebruik die woord “liefde” sonder die woord “naaste”. Petrus klink soos Paulus: “En nou bly geloof, hoop, liefde – hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde” (*I Kor. 13:13*).

Voordat Petrus met die lys van deugde begin, sê hy dat ons “met aanwending van alle ywer” (II Pet. 1:5) hierdie deugde moet bekom. Wat bedoel hy daarmee? Watter rol speel menslike inspanning in ons begeerte om godvrugtige en gelowige lewens te lewe?

Wees wie jy is

Nadat Petrus ons die lys gee van wat ons as Christene ywerig moet najaag, verklaar hy wat die resultaat sal wees.

Lees II Petrus 1:8–11. Wat verbind dit wat alreeds vir ‘n Christen gedoen is, met hoe ‘n Christen behoort te lewe?

Petrus dring by sy lesers aan om volgens die nuwe waarheid in Jesus te lewe. As die kenmerke van geloof, deug, kennis, selfbeheersing, lydsaamheid, Godsvrug, broederliefde en naasteliefde “by julle aanwesig is en toeneem, dan laat dit julle nie ledig of onvrugbaar . . . nie” (*II Pet. 1:8*). Die probleem is dat nie alle Christene volgens hierdie nuwe waarheid lewe nie. Sommige is ledig en onvrugbaar in die kennis van onse Here Jesus Christus (*II Pet. 1:8*). Sulke mense het vergeet dat hulle van hulle “vorige sondes” gereinig was (*II Pet. 1:9*). Daarom, sê Petrus, behoort Christene die nuwe waarheid in Jesus te lewe. In Christus het hulle vergifnis, reiniging en die reg tot deelgenote van die Goddelike natuur ontvang. Daarom moet hulle hul “des te meer beywer om [hulle] roeping en verkiesing vas te maak” (*II Pet. 1:10*). Daar is geen verskoning om soos voorheen te lewe nie, geen verskoning om “ledig” en “onvrugbaar” as Christene te leef nie. “Ons hoor baie van geloof, maar ons moet nog meer oor werke hoor. Baie bedrieg hulleself deur gemaksugtige, sorgelose, tegemoetkomende lewens te ly, sonder opoffering” — Ellen G. White, *Faith and Works*, bl. 50, (*vrye vertaling*).

Lees Romeine 6:11. Wat sê Paulus hier wat Petrus in vandag se teksverse uitlig?

In ‘n sekere sin het beide Petrus en Paulus gesê, “wees wie jy is”. Ons is nuwe skepsels in Christus, gereinig van ons sondes, en deelgenote van die Goddelike natuur. Dit is hoekom ons die tipe lewe kan lewe waartoe ons geroep is. Ons is veronderstel om “soos Christus” te wees, wat beteken om ‘n “Christen” te wees.

Hoe is jy “soos Christus”? Op watter gebiede kan jy verbeter?

Aflegging van die tentwoning

“En ek beskou dit as reg, so lank as ek in hierdie tentwoning is, om julle deur herinnering op te wek, omdat ek weet dat die aflegging van my tentwoning ophande is, soos onse Here Jesus Christus dit ook aan my bekend gemaak het”(II Pet. 1:13, 14). In 1956 het Oscar Cullman ‘n kort studie met die titel *Immortality of the Soul or Resurrection of the Dead?: The Witness of the New Testament*, geskryf. Hy het geredeneer dat die konsep van die opstanding heeltemal onverenigbaar is met die konsep van die onsterflike siel. Boonop, het hy gesê, dat die Nuwe Testament ronduit aan die kant van die opstanding van die dode geskaar is. “Geen ander publikasie van my,” het hy later geskryf, “het soveel entoesiasme of soveel vyandigheid uitgelok nie.”

Lees I Korinthiërs 15:12–57. Wat impliseer Paulus hier, wat gebeur uiteindelik met die wat dood is?

‘n Studie wat gedoen is oor wat die Nuwe Testament sê oor die dood en die opstanding, het die meeste van die Nuwe Testamentiese skrifgeleerdes oortuig dat Cullman reg was. Die Nuwe Testament aanvaar beslis die konsep van die opstanding, en nie die konsep van die onsterflike siel wat die dooie liggaam oorleef nie. Byvoorbeeld, in I Thessalonicense 4:16–18 spoor Paulus diegene wat geliefdes deur die dood verloor het, aan om troos te vind in die wete dat wanneer Jesus terugkom, Hy die dooies sal opwek. In I Korinthiërs 15:12–57 gee Paulus ‘n uitgebreide beskrywing van die opstanding. Hy begin deur daarop te wys dat die Christen se geloof op die opstanding van Jesus gebaseer is. As Jesus nie opgestaan het nie, dan is enige geloof in Hom tevergeefs. Maar, sê Paulus, Christus het beslis uit die dood opgestaan as die eersteling van diegene wat alreeds slaap. En Christus se opstanding uit die dood maak dit vir almal wat in Hom leef moontlik om ook uit die dood op te staan. Paulus praat oor die opstandingsliggaam in I Korinthiërs 15:35–50. Hy kontrasteer die nuwe liggame wat ons sal ontvang by die opstanding, met ons huidige liggame. Wat ons nou het, sal sterf; wat ons by die opstanding sal ontvang, sal nooit sterf nie. Kortom, wanneer die Nuwe Testament oor die dood praat, word dit aan die opstanding gekoppel, en nie aan die onsterflikheid van die siel nie. Hierdie is belangrike agtergrond vir II Petrus 1:12–14.

Geloof in doodsgevaar

Lees II Petrus 1:12–15. Wat bedoel Petrus wanneer hy te kenne gee dat “die aflegging van [sy] tentwoning op hande is”?

In II Petrus 1:12–14 word die rede vir hierdie brief aangedui. Petrus dink hy gaan binnekort sterf, en die brief bevat sy laaste boodskap of wilsbeskikking. Dat Petrus sy dood binnekort te wagte is, word deur sy woordkeuse te kenne gegee, “so lank as ek in hierdie tentwoning is . . . omdat ek weet dat die aflegging van my tentwoning op hande is”, II Petrus 1:13, 14. Hy vergelyk die liggaam met ‘n tent (tabernakel) wat hy sal aflê wanneer hy doodgaan. Feit is, dit is so duidelik dat Petrus na sy liggaam verwys wanneer hy verwys na die aflegging van sy tent, dat moderne vertalers geneig is om hierdie frases soos volg te vertaal, “so lank as wat ek in hierdie liggaam is . . . omdat ek weet dat my dood ophande is” (*II Pet. 1:13, 14*) (*vrye vertaling*). Niks in Petrus se taalgebruik dui daarop dat wanneer hy sy tent of liggaam “aflê”, sy siel as ‘n aparte entiteit sal oorleef nie.

Lees II Petrus 1:12–15 weer. Hoe hanteer Petrus die werklikheid van sy naderende dood, en wat leer sy gesindheid ons oor geloof?

Petrus voeg erns by sy woorde in II 1:12–15. Hy skryf dit met die wete dat sy lewe binnekort sal eindig. Hy weet dit want, soos hy sê, “. . . soos onse Here Jesus Christus dit ook aan my bekend gemaak het”. Tog dui hy geen vrees aan nie, geen besorgtheid, geen voorspoeksels nie. In plaas daarvan is sy beklemtoning op die geestelike welstand van hulle wat hy gaan agterlaat. Hy wil hê dat hulle in die “teenswoordige waarheid” moet vasstaan, en – solank as wat hy nog lewe – sal hy hom beywer om hulle te vermaan om getrou te bly. Ons kan hier die werklikheid en die diepte van Petrus se ondervinding met die Here sien. Ja, hy gaan binnekort sterf, en dit gaan nie ‘n aangename afsterwe wees nie (*sien Joh. 21:18*; Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 423–424), maar sy onselfsugtige besorgtheid is oor wat belangrik vir andere is. Waarlik, Petrus was ‘n man wat geleef het wat hy verkondig het.

Hoe help ons geloof ons wanneer ons met die verskriklike werklikheid van die dood te doen het? Hoe kan ons leer om aan die wonderlike hoop wat ons het, vas te hou omdat Jesus so baie vir ons gedoen het, selfs wanneer ons met die dood gekonfronteer word?

Vir verdere studie:

Soos ons gesien het, het Petrus geweet dat hy binnekort sou sterf. En hy het (lank gelede) geweet hoe hy sou sterf omdat Jesus self dit aan hom getoon het. “ ‘Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, toe jy jonger was, het jy jouself gegord en rondgegaan waar jy wou; maar wanneer jy oud geword het, sal jy jou hande uitsteek, en ‘n ander een sal jou gord en bring waar jy nie wil wees nie’ ” (*Joh. 21:18*). Hoe het hy gesterf? “Petrus is as Jood en vreemdeling veroordeel om geesel en gekruisig te word. Met hierdie vreeslike dood in die vooruitsig het die apostel onthou watter groot sonde hy gepleeg het deur Sy Heiland in die uur van Sy verhoor te verloën. Hy wat voorheen so ongewillig was om die kruis te erken, het dit nou as ‘n vreugde beskou om sy lewe vir die evangelie op te offer. Trouens, hy het gevoel dat dit vir hom wat sy Here verloën het te groot ‘n eer was om op dieselfde wyse as sy Meester te sterf. Petrus het opregte berou gehad oor daardie sonde en Christus het hom dit vergewe soos blyk uit die hoë opdrag wat aan hom gegee is om die skape en die lammers van die kudde te laat wei. Maar hy kon homself nooit vergeef nie. Selfs die gedagte aan die smart van die laaste vreeslike toneel kon die bitterheid van sy verdriet en berou nie verminder nie. As ‘n laaste guns het hy die beuels gevra om hom met sy kop na onder aan die kruis te nael. Die versoek is toegestaan en die groot apostel Petrus het op hierdie wyse gesterf.” — Ellen G. White, *Die Handelinge van die Apostels*, bl. 423-424. En tog, selfs met hierdie vooruitsigte was Petrus besorgd oor die geestelike welstand van die kudde.

Vrae vir bespreking:

1. Met inagneming van alles wat Petrus (en die res van die Bybelskrywers ook) oor die noodsaaklikheid vir Christene om heilige lewens te lei, geskryf het, hoekom misluk so baie van ons om in Jesus te “wees wie jy is”?
2. Werk weer deur II Petrus 1:5-7 se lys in die klas. Bespreek elke punt en vra jouself: Hoe kan ons hierdie deugde self openbaar, en hoe kan ons ander help om dieselfde te doen?
3. Met inagneming van wat ons oor Petrus weet soos gesien kan word in die evangelies, sien ons in sy geskifte hoe kragtig die werk was wat Christus in hom gedoen het, selfs ten spyte van sy vorige mislukkings. Watter hoop en troos kan ons vir onself uit hierdie voorbeeld neem?
4. In II Petrus 1:12 het hy oor “teenswoordige waarheid” geskryf. Wat was “teenswoordige waarheid” in Petrus se tyd, en wat is “teenswoordige waarheid” in die tyd waarin ons leef?
5. “Hoe seker is die dooies na die dood”, het iemand geskryf. “Die dood is wat die lewendes saam met hulle dra.” Hoe behoort ons as Christene die dood te “dra”?

